

13 Februarie 2022



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za



Feit, flater of fiksie?

1 Korintiërs 15:12-20

13 Februarie 2022 @ Hoogland

Besoekers en/of Nuwe intrekkers & -Lidmate

Indien u 'n **nuwe intrekker of -lidmaat** in die gemeente is, wil ons net sê -
Baie welkom - Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Neem in die brosjurevakkies 'n **"Nuwe Lidmate"** koevert of stuur 'n e-pos na annalize@pehoogland.co.za. Besoek ook Hoogland se webblad by www.pehoogland.co.za >>> **EK WIL...** >>> **'N LIDMAAT WORD** en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.

Program vir die dag

- 09:00 Oggenddiens : Nagmaal - Ds Pieter Nel
- 10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale
- 17:00 Buffelsfonteindiens

(10% van Sondag se dankoffers word gegee vir Buffelsfontein)

Program vir die week

Dinsdag: 15 Februarie

18:00 50 Jaar-Feesviering vergadering

Woensdag: 16 Februarie

Ds Pieter Verjaar!

08:45 B'fontein Bybelstudie

10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 17 Februarie

10:30 Woord Werkgroep

Vrydag: 18 Februarie

05:30 Mannebediening

Hoogland Dankoffers



Snap here to pay



Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA

Rek - 1400 149 980

Takkode - 632005



Zapper

Hoogland Aanlyn



079 815 9325



facebook.com/
pehoogland



#hooglandpe



PE Hoogland

Huldeblyk aan Rufus Geel ...

Rufus het 9 jaar gelede hier in Hoogland se kerkkantoor begin werk ...

Hy was egter toe al lank bekend in die gemeente ... as gesiene kerkraadslid, as jong man en ook as hoof van die kategese.

Rufus se hande as Hoogland se koster het vir niks verkeerd gestaan nie. Sy hande werk met onderhoudstake is orals oor die terrein sigbaar. Niks was ooit te veel moeite gewees nie.

As kollega - het Rufus ons elkeen in die kerkkantoor se persoonlikheid geken en presies gewet hoe om daarop te reageer, presies op die manier wat op daardie tydstip nodig was. Hy het die personeel geseën met sy teenwoordigheid deur 'n bemoedigende woord, aanmoediging, advies, sy uiterste behulpsaamheid en hy was ook vele kere die katalisator in moeilike situasies.

Rufus het die gawe gehad om spontaan vir iemand te bid op die regte tyd, die regte woord te spreek en hy het net nooit iemand met leë hande weggestuur nie.

Behalwe al die wonderlike gewes wat hy gehad het sal sy vriendelikheid, gasvryheid, sy opregte omgee hart, die respekvolle manier waarmee hy met almal wat sy pad kruis omgegaan het beslis gemis word.

Vir die Hooglanders wat nie Woensdag se gedenkdiens kon bywoon nie - u is welkom om deur die Gebedskapel te stap en 'n oomblik stil te word en so hulde te bring aan hierdie merkwaardige man se lewe.





Hoogland Jubeljaar: #17

BIDDAG VIR ONDERWYS & OPVOEDING 13 Februarie

Hierdie week bid Hoogland in besonder vir elke onderwyser, skoolhoof, professor, lektor en enige persoon wat met Onderwys te make het!

Kyk gerus by die UIT DIE HART vir gebedsriglyne.

GELOOF DEUR LIEFDE TOT DADE:

Hoogland Famieliekamp : 1 - 3 April te Innikloof (14km buite Hankey)

Daar is nog 10 kampstaanplekke & 2 huisies beskikbaar.

Bespreek asseblief dadelik by Leandra in die Kerkkantoor as jy en jou familie wil kom saam kamp. Moenie hierdie kuier geleentheid misloop nie.

Vir die Hooglanders wat nie saam kan kom nie. Julle is welkom om die Saterdag of Sondag saam met die kampers te kom kuier, swem en lekker braai.



Hospitaalbediening: ONTHOU - Laat weet asseblief die Kerkkantoor indien u in die hospitaal opgeneem sou word of as u weet van enige ander Hooglander wat opgeneem word vir 'n prosedure/operasie.

Tommie Vermeulen en die hospitaalspan wil graag kontak maak, al mag hulle u steeds nog nie besoek nie as gevolg van Covid regulasies.

Noodspens: Donasies is ALTYD welkom en kan Sondag by Gemeentedienste of in die week by die kerkkantoor afgegee word.

Begrafnisbediening

Annalize, in die kerkkantoor, staan nou in om lidmate te help indien dit nodig sou raak om begrafnisreëlings vir 'n geliefde te tref.

Sy sal u met die nodige inligting kan help en toesien dat u met die regte persone in kontak kom.

Die kantoor nommer is: 041- 3671485

Ons bid vir leerlinge met spesiale behoeftes of leerlinge wat angstig is oor die nuwe jaar.



Ons bid dat leerlinge sal terugkeer en dat agterstande ingehaal sal word.



Ons bid dat skole veilige en vriendelike ruimtes sal wees vir kinders om in te floreer.




Ons bid vir diensbaarheid, energie en toewyding van onderwysers.



Ons bid dat hulpmiddels en begrotings verantwoordelik aangewend sal word.



Ons bid vir wysheid vir die minister van onderwys, beheerliggame en hoofde.



Ons bid vir voedingsprojekte, veilige vervoer, boeke en basiese hulpmiddels vir elke leerling.



Ons bid ook vir tersiêre opleidingsinstansies, studente en dosente.

